Downloaded from eduresourceza.com

1.10 "Toe maar, ek sal dit self optel," sê my broertjie. (Reël 3)

1.10.1 Waarom was dit reg van die broertjie om te sê dat hy die mis sou optel? (1)

1.10.2 Waarom kan 'n mens verstaan dat daar so 'n mooi verhouding tussen Tom en die broertjie was? (1)

1.11 Waarom laat die skrywer die verteller lelike woorde soos "pes" (reël 2) gebruik? (1)

1.12 Waarom laat die slot van die verhaal jou gelukkig voel? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "POTYSTER SWEIS NIE" – PG du Plessis**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS B**

Dis duidelik dat hy die toekoms van my en die stofie nie met vertroue tegemoet sien nie.

Net iemand wat yster ken, sal die ding weer kan regkry. Soos sy pa, byvoorbeeld. Sy pa kan omtrent enigiets regmaak.

Nee, sy pa is nie 'n sweiser nie. Sy pa is in besigheid.

Maar sy pa is die soort mens wat enigiets kan regmaak ... en ja, hy sal van die toebroodjies kry wat die oom aanbied, want in die koshuis is die kos nie altyd te waffers nie.

So tussen die kou deur, vertel hy van Maandag se wors en aartappels, Dinsdag se vis en aartappels, Woensdag se *mystery balls* en aartappels en so aan tot by die poeding.

1.13 Wanneer het die verteller die skoolseun opgelaai? (1)

1.14 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (1.14.1 tot 1.14.4) en die antwoord neer.

1.14.1 Die verteller was op pad ... toe.

1.14.2 Hy het 'n stukkende weggooistofie by die ... gekoop en wou dit regmaak.

1.14.3 Die verteller het die skoolseun langs die pad opgelaai. Hy kon sien dat die seun se ... te klein is vir hom.

1.14.4 Die verteller het vir die skoolseun vertel dat hy nie goed kan ... nie. (4)

1.15 Watter TWEE leuens oor sy pa het die skoolseun hier reg aan die begin vir die verteller vertel? (2)

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.16 Hoe, dink jy, het die seun gevoel toe die verteller vir hom toebroodjies aangebied het? (1)

1.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.17) en die letter (A–D) neer.

"... in die koshuis is die kos **nie altyd te waffers** nie." (Reël 7 en 8)

Met hierdie woorde bedoel die seun dat die kos ...

A partykeer nie genoeg was nie.
B nie altyd dieselfde was nie.
C nie altyd lekker was nie.
D partykeer koud was. (1)

1.18 Die dinge wat in hierdie verhaal gebeur, het die seun se lewe op verskillende maniere beïnvloed.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.18.1 tot 1.18.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.18.1 | Die verteller se radio het nie mooi gewerk nie. | A | Die verteller wou vir die seun geld gee. |
| 1.18.2 | Die verteller wou brood koop. | B | Die Portugees het met die seun oor sy ma gepraat. |
| 1.18.3 | Die Portugees het die verteller se kleingeld vir hom gevat. | C | Die Portugees het aartappels nodig gehad vir die tjips. |
| 1.18.4 | Die verteller was jammer vir die seun. | D | Die verteller het die skoolseun langs die pad opgelaai. |
| | | E | Die verteller het die seun by die Portugees se winkeltjie afgelaai. |

(4 x 1) (4)

1.19 Die verteller het vir die skoolseun lekkers by die winkeltjie gekoop.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.20 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.20.1 en 1.20.2) en die antwoord neer.

As werkgewer moes die Portugees (1.20.1) (streng/onvriendelik) teenoor die seun se ma wees, want sy was dikwels nie by die werk nie. Hierdie situasie het die seun (1.20.2) (vies gemaak/skaam laat voel). (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.21 Die Portugees het voor die verteller oor die seun se ouers gepraat.

1.21.1 Waarom was dit verkeerd van die Portugees om dit te doen? (1)

1.21.2 Waarom kan 'n mens verstaan dat die Portugees dit gedoen het? (1)

1.22 Watter les het jy geleer uit die verteller se besluit om vir die seun tien rand te gee? (1)

1.23 Lees weer reëls 9 tot 11.

Hoe slaag die skrywer daarin om te beklemtoon dat die koshuis se kos nie waffers was nie? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

